REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

# GOVERNMENT GAZETTE

## FOR THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* — *Registered at the Post Office as a Newspaper*

**R1,00** Prys • Price
**R0,10** Plus 10% BTW • VAT
**R1,10** Verkoopprys • Selling price
Buitelands **R1,40** Other countries
Posvry • Post free

VOL. 325 — KAAPSTAD, 3 JULIE 1992 — CAPE TOWN, 3 JULY 1992 — No. 14095


KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 1788. 3 Julie 1992

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 105 van 1992: Tweede Wysigingswet op Doeane en Aksyns, 1992.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 1788. 3 July 1992

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 105 of 1992: Customs and Excise Second Amendment Act, 1992.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

# WET

**Tot wysiging van die Doeane- en Aksynswet, 1964, ten einde die openbaarmaking van sekere inligting en die aanneemlike genoegsame bewys van die tertafellegging in die Volksraad deur die Minister van Finansies van belastingvoorstelle verder te reël; betreffende die berekening van die waarde vir aksynsregdoeleindes van sekere goedere in die Republiek vervaardig ander voorsiening te maak; vir die bepaling van die waarde vir belastingdoeleindes van motorvoertuie wat buite die Republiek gebruik is en in die Republiek ingevoer word verdere voorsiening te maak; die terugbetaling van reg verder te reël; die strafbepalings uit te brei; die invoer van sekere publikasies of voorwerpe van die bepalings van genoemde Wet uit te sluit; Bylae No. 1 by genoemde Wet te wysig; vir die voortduring van sekere wysigings van Bylaes Nos. 1 tot 6 by genoemde Wet voorsiening te maak; en sekere teksveranderings aan te bring; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 18 Junie 1992.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 4 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 105 van 1969, artikel 2 van Wet 110 van 1979, artikels 3 en 15 van Wet 98 van 1980, artikel 2 van Wet 84 van 1987 en artikel 4 van Wet 59 van 1990**

**1.** Artikel 4 van die Doeane- en Aksynswet, 1964 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur na subartikel (3) die volgende subartikel in te voeg:

"(3A) Ondanks die bepalings van subartikel (3) kan die Kommissaris ooreenkomstig enige konvensie of ooreenkoms ten opsigte van doeanesamewerking waarby die Republiek 'n party is, inligting wat 'n beampte by die verrigting van sy pligte met betrekking tot enige persoon, maatskappy of besigheid te wete gekom het, openbaar of dié beampte magtig om dit te openbaar.".

**Wysiging van artikel 58 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 33 van 1974, artikel 1 van Wet 64 van 1974, artikel 10 van Wet 86 van 1982 en artikel 21 van Wet 84 van 1987**

**2.** Artikel 58 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die voorbehoudsbepaling by subartikel (1) te skrap; en
*(b)* deur subartikel (7) deur die volgende subartikel te vervang:

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the Customs and Excise Act, 1964, so as to further regulate the disclosure of certain information and the acceptable sufficient evidence of the tabling in the House of Assembly by the Minister of Finance of taxation proposals; to make other provision regarding the calculation of the value for excise duty purposes of certain goods manufactured in the Republic; to provide further for determining the value for duty purposes of motor vehicles, used outside the Republic, being imported into the Republic; to further regulate the refund of duty; to extend the penal provisions; to exclude the importation of certain publications or objects from the provisions of the said Act; to amend Schedule No. 1 to the said Act; to provide for the continuation of certain amendments of Schedules Nos. 1 to 6 to the said Act; and to effect certain textual alterations; and to provide for matters connected therewith.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 18 June 1992.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 4 of Act 91 of 1964, as amended by section 2 of Act 105 of 1969, section 2 of Act 110 of 1979, sections 3 and 15 of Act 98 of 1980, section 2 of Act 84 of 1987 and section 4 of Act 59 of 1990**

**1.** Section 4 of the Customs and Excise Act, 1964 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the insertion after subsection (3) of the following subsection:

"(3A) Notwithstanding the provisions of subsection (3) the Commissioner may, in accordance with any convention or agreement in respect of customs co-operation to which the Republic is a party, disclose or authorize any officer to disclose any information relating to any person, firm or business acquired by that officer in the performance of his duties.".

**Amendment of section 58 of Act 91 of 1964, as amended by section 19 of Act 33 of 1974, section 1 of Act 64 of 1974, section 10 of Act 86 of 1982 and section 21 of Act 84 of 1987**

**2.** Section 58 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the deletion of the proviso to subsection (1); and

*(b)* by the substitution for subsection (7) of the following subsection:

"(7) Wanneer by 'n regsgeding die vraag ontstaan of die Minister werklik 'n belastingvoorstel ter tafel gelê het, soos in hierdie artikel beskryf, of aangaande die tyd wanneer sodanige voorstel ter tafel gelê is of die besonderhede in sodanige voorstel vervat, word 'n afskrif van **['n dokument, gedruk in opdrag van die Speaker van die Volksraad, wat]** sodanige voorstel **[bevat en]** deur die Sekretaris van die Parlement as 'n juiste afskrif gesertifiseer **[is]**, aangeneem as genoegsame bewys dat die voorstel ter tafel gelê is en van die tydstip waarop dit ter tafel gelê is en van die besonderhede daarin vervat.".

**Wysiging van artikel 69 van Wet 91 van 1964, soos vervang deur artikel 12 van Wet 68 van 1989 en gewysig deur artikel 1 van Wet 111 van 1991**

**3.** Artikel 69 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woorde wat die voorbehoudsbepaling by paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Vir die doel van die berekening van die aksynsreg op enige goedere in die Republiek vervaardig en vermeld in Afdeling B van Deel 2 van Bylae No. 1 **[(behalwe goedere in items 122.10 tot 122.40 vermeld)]** word daar, behoudens die bepalings van hierdie artikel, aangeneem dat die waarde daarvan die volle en finale markprys (voor aftrekking van enige afslag, behalwe afslag vir kontant) is waarteen sodanige of soortgelyke goedere, ten tyde van die verkoping, vrylik vir handelsdoeleindes in die vernaamste markte van die Republiek in die gewone loop van die handel, in die gewone groothandelhoeveelhede en in die toestand en die gewone verpakking gereed vir verkoop in die kleinhandel, aan enige **[onafhanklike]** aankoopgroothandelaar in die Republiek wat nie geag word verbonde te wees nie soos vermeld in artikel 66(2)*(a)*, onder omstandighede van vrye mededinging te koop aangebied word vir verbruik in die Republiek, plus die koste van pak en verpakking en alle ander uitgawes verbonde aan die plasing van die goedere op spoor vir lewering aan die koper, plus enige ongekorte aksynsreg betaalbaar ingevolge Afdeling A van Deel 2 van Bylae No. 1 op sodanige goedere, maar uitgesonderd die ongekorte aksynsreg betaalbaar ingevolge Afdeling B van Deel 2 van Bylae No. 1 of enige belasting op toegevoegde waarde betaalbaar op sodanige goedere:";

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(b)* te skrap; en

*(c)* deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* (i) Vir die doel van die berekening van die aksynsreg op enige goedere in Afdeling A van Deel 2 van Bylae No. 1 vermeld (behalwe goedere in items 117.01.10 en 117.05 tot 117.30 vermeld), is die waarde daarvan die prys betaal of betaalbaar vir sodanige goedere wanneer hulle verkoop word vir binnelandse verbruik in die gewone loop van handel, in die gewone handelsverpakking, waar van toepassing, aan enige kopers wat nie geag word verbonde te wees nie soos vermeld in artikel 66(2)*(a)*, plus enige ongekorte aksynsreg ingevolge Afdeling B van Deel 2 van Bylae No. 1 betaalbaar, maar uitgesonderd die ongekorte aksynsreg ingevolge Afdeling A van Deel 2 van Bylae No. 1, **[of]** brandstofheffing of enige belasting op toegevoegde waarde betaalbaar op sodanige goedere.

(ii) Vir die doel van die berekening van die aksynsreg op enige goedere in items 117.01.10 en 117.05 tot 117.30 van Afdeling A van Deel 2 van Bylae No. 1 vermeld, is die waarde daarvan die prys betaal of betaalbaar vir sodanige goedere wanneer hulle verkoop word vir binnelandse verbruik in die gewone loop van handel aan enige kopers wat nie geag word verbonde te wees nie soos vermeld in artikel 66(2)*(a)*, plus enige ongekorte aksynsreg ingevolge Afdeling B van Deel 2 van Bylae No. 1 betaalbaar, maar uitgesonderd enige belasting op toegevoegde waarde betaalbaar op sodanige goedere.".

**Wysiging van artikel 71 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 105 van 1976 en artikel 5 van Wet 89 van 1984**

**4.** Artikel 71 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) die tweede voorbehoudsbepaling te skrap.

"(7) Whenever in any legal proceedings any question arises as to whether the Minister has in fact tabled a taxation proposal as described in this section, or as to the time when such proposal was tabled or the particulars contained in such proposal, a copy of **[a document, printed by order of the Speaker of the House of Assembly, containing]** such proposal, **[and]** certified by the Secretary to Parliament to be a true copy, shall be accepted as sufficient evidence that such proposal was tabled and of the time when it was tabled and of the particulars contained therein.".

**Amendment of section 69 of Act 91 of 1964, as substituted by section 12 of Act 68 of 1989 and amended by section 1 of Act 111 of 1991**

**3.** Section 69 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the words preceding the proviso to paragraph *(a)* of the following words:

"For the purpose of assessing the excise duty on any goods manufactured in the Republic and specified in Section B of Part 2 of Schedule No. 1 **[(other than goods specified in items 122.10 to 122.40)]**, the value thereof shall, subject to the provisions of this section, be taken to be the full and final market price (before deduction of any discounts other than cash discounts) at which, at the time of sale, such or similar goods are freely offered for sale, for consumption in the Republic, for purposes of trade in the principal markets of the Republic in the ordinary course of trade, in the usual wholesale quantities and in the condition and the usual packing ready for sale in the retail trade, to any **[independent]** merchant wholesaler in the Republic not deemed to be related as specified in section 66(2)*(a)* under fully competitive conditions, plus the cost of packing and packages and all other expenses incidental to placing the goods on rail for delivery to the purchaser, plus any non-rebated excise duty payable in terms of Section A of Part 2 of Schedule No. 1 on such goods, but excluding the non-rebated excise duty payable in terms of Section B of Part 2 of Schedule No. 1 or any value-added tax payable on such goods:";

*(b)* by the deletion in subsection (1) of paragraph *(b)*; and

*(c)* by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* (i) For the purpose of assessing the excise duty on any goods specified in Section A of Part 2 of Schedule No. 1 (other than goods specified in items 117.01.10 and 117.05 to 117.30), the value thereof shall be the price paid or payable for such goods when sold for home consumption in the ordinary course of trade, in the usual trade packing, where applicable, to any buyers not deemed to be related as specified in section 66(2)*(a)*, plus any non-rebated excise duty payable in terms of Section B of Part 2 of Schedule No. 1, but excluding the non-rebated excise duty payable in terms of Section A of Part 2 of Schedule No. 1, **[or]** fuel levy or any value-added tax payable on such goods.

(ii) For the purpose of assessing the excise duty on any goods specified in items 117.01.10 and 117.05 to 117.30 of Section A of Part 2 of Schedule No. 1, the value thereof shall be the price paid or payable for such goods when sold for home consumption in the ordinary course of trade to any buyers not deemed to be related as specified in section 66(2)*(a)*, plus any non-rebated excise duty payable in terms of Section B of Part 2 of Schedule No. 1, but excluding any value-added tax payable on such goods.".

**Amendment of section 71 of Act 91 of 1964, as amended by section 10 of Act 105 of 1976 and section 5 of Act 89 of 1984**

**4.** Section 71 of the principal Act is hereby amended by the deletion in subsection (2) of the second proviso.

**Wysiging van artikel 76 van Wet 91 van 1964, soos vervang deur artikel 30 van Wet 59 van 1990**

**5.** Artikel 76 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf *(g)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(g)* dat die reg verminder of ingetrek is soos bepaal in artikel 48(2) of (2A), <u>56(2), 56A(2) of 57(2)</u>.".

**Wysiging van artikel 78 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 52 van 1986**

**6.** Artikel 78 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (2) die uitdrukkings "eenduisend rand" en "ses maande" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R8 000" en "twee jaar" te vervang; en

*(b)* deur in subartikel (3) die uitdrukkings "eenduisend vyfhonderd rand" en "nege maande" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R16 000" en "vier jaar" te vervang.

**Wysiging van artikel 79 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 2 van Wet 64 van 1974 en artikel 11 van Wet 52 van 1986**

**7.** Artikel 79 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die uitdrukkings "eenduisend rand" en "ses maande" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R8 000" en "twee jaar" te vervang; en

*(b)* deur in subartikel (2) die uitdrukkings "eenduisend vyfhonderd rand" en "nege maande" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R16 000" en "vier jaar" te vervang.

**Wysiging van artikel 80 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 10 van Wet 85 van 1968, artikel 27 van Wet 105 van 1969, artikel 28 van Wet 112 van 1977, artikel 22 van Wet 86 van 1982, artikel 7 van Wet 89 van 1984, artikel 12 van Wet 52 van 1986, artikel 27 van Wet 84 van 1987 en artikel 32 van Wet 59 van 1990**

**8.** Artikel 80 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die uitdrukkings "tweeduisend vyfhonderd rand" en "twaalf maande" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R20 000" en "vyf jaar" te vervang.

**Wysiging van artikel 81 van Wet 91 van 1964, soos vervang deur artikel 33 van Wet 59 van 1990**

**9.** Artikel 81 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukking "R5 000" deur die uitdrukking "R8 000" te vervang.

**Wysiging van artikel 83 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 14 van Wet 52 van 1986**

**10.** Artikel 83 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukkings "vyfduisend rand" en "twee jaar" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R20 000" en "vyf jaar" te vervang.

**Wysiging van artikel 84 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 11 van Wet 57 van 1966, artikel 28 van Wet 105 van 1969, artikel 29 van Wet 112 van 1977, artikel 15 van Wet 52 van 1986 en artikel 14 van Wet 61 van 1992**

**11.** Artikel 84 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die uitdrukkings "vyfduisend rand" en "twee jaar" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R40 000" en "tien jaar" te vervang.

**Wysiging van artikel 85 van Wet 91 van 1964, soos vervang deur artikel 4 van Wet 68 van 1973 en gewysig deur artikel 16 van Wet 52 van 1986**

**12.** Artikel 85 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukking "vyfduisend rand" deur die uitdrukking "R8 000" te vervang.

**Amendment of section 76 of Act 91 of 1964, as substituted by section 30 of Act 59 of 1990**

**5.** Section 76 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph *(g)* of the following paragraph:

"*(g)* the duty having been reduced or withdrawn as provided for in section 48(2) or (2A), 56(2), 56A(2) or 57(2).".

**Amendment of section 78 of Act 91 of 1964, as amended by section 10 of Act 52 of 1986**

**6.** Section 78 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (2) for the expressions "one thousand rand" and "six months" of the expressions "R8 000" and "two years", respectively; and

*(b)* by the substitution in subsection (3) for the expressions "one thousand five hundred rand" and "nine months" of the expressions "R16 000" and "four years", respectively.

**Amendment of section 79 of Act 91 of 1964, as amended by section 2 of Act 64 of 1974 and section 11 of Act 52 of 1986**

**7.** Section 79 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the expressions "one thousand rand" and "six months" of the expressions "R8 000" and "two years", respectively; and

*(b)* by the substitution in subsection (2) for the expressions "one thousand five hundred rand" and "nine months" of the expressions "R16 000" and "four years", respectively.

**Amendment of section 80 of Act 91 of 1964, as amended by section 10 of Act 85 of 1968, section 27 of Act 105 of 1969, section 28 of Act 112 of 1977, section 22 of Act 86 of 1982, section 7 of Act 89 of 1984, section 12 of Act 52 of 1986, section 27 of Act 84 of 1987 and section 32 of Act 59 of 1990**

**8.** Section 80 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the expressions "two thousand five hundred rand" and "twelve months" of the expressions "R20 000" and "five years", respectively.

**Amendment of section 81 of Act 91 of 1964, as substituted by section 33 of Act 59 of 1990**

**9.** Section 81 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the expression "R5 000" of the expression "R8 000".

**Amendment of section 83 of Act 91 of 1964, as amended by section 14 of Act 52 of 1986**

**10.** Section 83 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the expressions "five thousand rand" and "two years" of the expressions "R20 000" and "five years", respectively.

**Amendment of section 84 of Act 91 of 1964, as amended by section 11 of Act 57 of 1966, section 28 of Act 105 of 1969, section 29 of Act 112 of 1977, section 15 of Act 52 of 1986 and section 14 of Act 61 of 1992**

**11.** Section 84 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (1) for the expressions "five thousand rand" and "two years" of the expressions "R40 000" and "ten years", respectively.

**Amendment of section 85 of Act 91 of 1964, as substituted by section 4 of Act 68 of 1973 and amended by section 16 of Act 52 of 1986**

**12.** Section 85 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the expression "five thousand rand" of the expression "R8 000".

**Wysiging van artikel 86 van Wet 91 van 1964, soos vervang deur artikel 11 van Wet 85 van 1968 en gewysig deur artikel 17 van Wet 52 van 1986**

**13.** Artikel 86 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukkings "vyfduisend rand" en "twee jaar" deur onderskeidelik die uitdrukkings "R40 000" en "tien jaar" te vervang.

**Wysiging van artikel 113 van Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 95 van 1965, artikel 14 van Wet 57 van 1966, artikel 11 van Wet 103 van 1972, artikel 5 van Wet 68 van 1973, artikel 49 van Wet 42 van 1974, artikel 25 van Wet 86 van 1982, artikel 7 van Wet 89 van 1983, artikel 31 van Wet 84 van 1987 en artikel 17 van Wet 68 van 1989**

**14.** Artikel 113 van die Hoofwet word hierby gewysig deur—

*(a)* in subartikel (1) paragraaf *(f)*; en

*(b)* subartikel (3),

te skrap.

**Wysiging van Bylae No. 1 by Wet 91 van 1964, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 95 van 1965, artikel 15 van Wet 57 van 1966, artikel 2 van Wet 96 van 1967, artikel 22 van Wet 85 van 1968, artikel 37 van Wet 105 van 1969, artikel 9 van Wet 98 van 1970, artikel 2 van Wet 89 van 1971, artikel 12 van Wet 103 van 1972, artikel 6 van Wet 68 van 1973, artikel 3 van Wet 64 van 1974, artikel 13 van Wet 71 van 1975, artikel 13 van Wet 105 van 1976, artikel 38 van Wet 112 van 1977, artikel 3 van Wet 114 van 1981, artikel 27 van Wet 86 van 1982, artikel 10 van Wet 89 van 1984, artikel 14 van Wet 101 van 1985, artikel 11 van Wet 69 van 1988, artikel 19 van Wet 68 van 1989, artikel 40 van Wet 59 van 1990 en artikel 3 van Wet 111 van 1991**

**15.** (1) Bylae No. 1 by die Hoofwet word hierby gewysig in die mate in die Bylae by hierdie Wet uiteengesit.

(2) Behoudens die bepalings van artikel 58(1) van die Hoofwet word hierdie artikel geag op 18 Maart 1992 in werking te getree het.

**Voortduring van sekere wysigings van Bylaes Nos. 1 tot 6 by Wet 91 van 1964**

**16.** (1) Elke wysiging van Bylaes Nos. 1 tot 6 by die Hoofwet wat voor 24 Januarie 1992 kragtens artikel 48(1) en (2), artikel 48A(1), artikel 56(1) en (1A) of artikel 75(15) van die Hoofwet aangebring is, verval nie uit hoofde van die bepalings van artikel 48(6), 48A(2), 56(7) of 75(16) van die Hoofwet nie.

(2) Die wysiging van Deel 5 van Bylae No. 1 by die Hoofwet wat kragtens artikel 48(1) en (2) van die Hoofwet by Goewermentskennisgewing No. R.919 van 20 Maart 1992 aangebring is, verval nie uit hoofde van die bepalings van artikel 48(6) van die Hoofwet nie.

(3) Die wysigings van Deel 4 van Bylae No. 5 en Bylae No. 6 by die Hoofwet wat kragtens artikel 75(15) van die Hoofwet by onderskeidelik Goewermentskennisgewings Nos. R.920 en R.921 van 20 Maart 1992 aangebring is, verval nie uit hoofde van die bepalings van artikel 75(16) van die Hoofwet nie.

**Kort titel**

**17.** Hierdie Wet heet die Tweede Wysigingswet op Doeane en Aksyns, 1992.

**Amendment of section 86 of Act 91 of 1964, as substituted by section 11 of Act 85 of 1968 and amended by section 17 of Act 52 of 1986**

**13.** Section 86 of the principal Act is hereby amended by the substitution for the expressions "five thousand rand" and "two years" of the expressions "R40 000" and "ten years", respectively.

**Amendment of section 113 of Act 91 of 1964, as amended by section 17 of Act 95 of 1965, section 14 of Act 57 of 1966, section 11 of Act 103 of 1972, section 5 of Act 68 of 1973, section 49 of Act 42 of 1974, section 25 of Act 86 of 1982, section 7 of Act 89 of 1983, section 31 of Act 84 of 1987 and section 17 of Act 68 of 1989**

**14.** Section 113 of the principal Act is hereby amended by the deletion—

*(a)* in subsection (1) of paragraph *(f)*; and

*(b)* of subsection (3).

**Amendment of Schedule No. 1 to Act 91 of 1964, as amended by section 19 of Act 95 of 1965, section 15 of Act 57 of 1966, section 2 of Act 96 of 1967, section 22 of Act 85 of 1968, section 37 of Act 105 of 1969, section 9 of Act 98 of 1970, section 2 of Act 89 of 1971, section 12 of Act 103 of 1972, section 6 of Act 68 of 1973, section 3 of Act 64 of 1974, section 13 of Act 71 of 1975, section 13 of Act 105 of 1976, section 38 of Act 112 of 1977, section 3 of Act 114 of 1981, section 27 of Act 86 of 1982, section 10 of Act 89 of 1984, section 14 of Act 101 of 1985, section 11 of Act 69 of 1988, section 19 of Act 68 of 1989, section 40 of Act 59 of 1990 and section 3 of Act 111 of 1991**

**15.** (1) Schedule No. 1 to the principal Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule to this Act.

(2) Subject to the provisions of section 58(1) of the principal Act, this section shall be deemed to have come into operation on 18 March 1992.

**Continuation of certain amendments of Schedules Nos. 1 to 6 to Act 91 of 1964**

**16.** (1) Every amendment of Schedules Nos. 1 to 6 to the principal Act made under section 48(1) and (2), section 48A(1), section 56(1) and (1A) or section 75(15) of the principal Act prior to 24 January 1992 shall not lapse by virtue of the provisions of section 48(6), 48A(2), 56(7) or 75(16) of the principal Act.

(2) The amendment of Part 5 of Schedule No. 1 to the principal Act made under section 48(1) and (2) of the principal Act by Government Notice No. R.919 of 20 March 1992, shall not lapse by virtue of the provisions of section 48(6) of the principal Act.

(3) The amendments of Part 4 of Schedule No. 5 and Schedule No. 6 to the principal Act made under section 75(15) of the principal Act by Government Notices Nos. R.920 and R.921, respectively, of 20 March 1992, shall not lapse by virtue of the provisions of section 75(16) of the principal Act.

**Short title**

**17.** This Act shall be called the Customs and Excise Second Amendment Act, 1992.

## BYLAE

# WYSIGINGS VAN BYLAE NO. 1 BY DIE DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

| Tarief-item | Tarief-pos | Beskrywing | Skaal van reg | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Aksyns | Doeane |
| 104.00 | | Deur tariefitem 104.00 deur die volgende te vervang: | | |
| "104.00 | | VOORBEREIDE VOEDSELS; DRANKE, SPIRITUS EN ASYN; TABAK | | |
| 104.01 | 19.01 | MOUTEKSTRAK; VOEDSELBEREIDINGE VAN MEELBLOM, MEEL, STYSEL OF MOUTEKSTRAK, WAT NIE KAKAOPOEIER BEVAT NIE OF WAT KAKAOPOEIER MET 'N VERHOUDING VOLGENS MASSA, VAN MINDER AS 50 PERSENT, BEVAT, NIE ELDERS VERMELD OF INGESLUIT NIE; VOEDSELBEREIDINGE VAN GOEDERE VAN POSTE NOS. 04.01 TOT 04.04, WAT NIE KAKAOPOEIER BEVAT NIE OF WAT KAKAOPOEIER MET 'N VERHOUDING VOLGENS MASSA, VAN MINDER AS 10 PERSENT, BEVAT, NIE ELDERS VERMELD OF INGESLUIT NIE: | | |
| .10 | | Preparate, op sorghummeelblom gebaseer, vir die maak van dranke bemark | 10c/kg | 10c/kg |
| 104.05 | 22.01 | WATER, MET INBEGRIP VAN NATUURLIKE OF KUNSMATIGE MINERAALWATER EN SPUITWATER, WAT NIE BYGEVOEGDE SUIKER OF ANDER VERSOETINGSMIDDELS OF GEURMIDDELS BEVAT NIE; YS EN SNEEU; | | |
| | 22.02 | WATER, MET INBEGRIP VAN MINERAALWATER EN SPUITWATER, WAT BYGEVOEGDE SUIKER OF ANDER VERSOETINGSMIDDELS OF GEURMIDDELS BEVAT, EN ANDER NIE-ALKOHOLIESE DRANKE (UITGESONDERD VRUGTE- OF GROENTESAPPE WAT IN POS NO. 20.09 VERMELD WORD): | | |
| .10 | | Mineraalwater, met inbegrip van mineraalbad- en spuitwater, bemark in toegemaakte bottels of ander toegemaakte houers gereed om sonder verdunning gedrink te word (uitgesonderd dranke wat in plastiekbuisies of dergelike houers verpak is en wat normaalweg in 'n bevrore toestand verbruik word) | 10,36c/ℓ | 11,42c/ℓ |
| .20 | | Limonade en gegeurde mineraalwater, met inbegrip van gegeurde mineraalbad- en spuitwater, bemark in toegemaakte bottels of ander toegemaakte houers gereed om sonder verdunning gedrink te word (uitgesonderd dranke wat in plastiekbuisies of dergelike houers verpak is en wat normaalweg in 'n bevrore toestand verbruik word) | 10,36c/ℓ | 11,42c/ℓ |
| .30 | | Nie-alkoholiese dranke nie elders in hierdie tariefitem vermeld of ingesluit nie, bemark in toegemaakte bottels of ander toegemaakte houers gereed om sonder verdunning gedrink te word (uitgesonderd dranke wat in plastiekbuisies of dergelike houers verpak is en wat normaalweg in 'n bevrore toestand verbruik word) | 10,36c/ℓ | 11,42c/ℓ |
| 104.10 | 22.03 | BIER VAN MOUT GEMAAK: | | |
| .10 | | Met 'n relatiewe digtheid voor fermentasie van hoogstens 1 040° | 5 769c/ 100ℓ | 5 768c/ 100ℓ |
| | | Plus 'n opgeskorte reg van: | | |
| | | (i) In werking | Nul | Nul |
| | | (ii) Maksimum skaal | 275c/100ℓ | 275c/100ℓ |
| .20 | | Met 'n relatiewe digtheid voor fermentasie van meer as 1 040° maar hoogstens 1 050°, wat uit 'n doeane- en aksynsvervaardigingspakhuis gedurende 'n boekjaar geklaar word, of wat in die Republiek ingevoer word, of wat onwettige bier is: | | |
| | | (1) Op die eerste 4 500 000ℓ of enige hoeveelheid minder as 4 500 000ℓ aldus gedurende 'n boekjaar geklaar | 6 044c/ 100ℓ | — |
| | | (2) Op die hoeveelheid aldus gedurende 'n boekjaar geklaar wat meer as 4 500 000ℓ maar hoogstens 9 000 000ℓ is | 6 176c/ 100ℓ | — |
| | | (3) Op die hoeveelheid aldus gedurende 'n boekjaar geklaar wat meer as 9 000 000ℓ maar hoogstens 18 000 000ℓ is | 6 308c/ 100ℓ | — |
| | | (4) Op die hoeveelheid aldus gedurende 'n boekjaar geklaar wat meer as 18 000 000ℓ maar hoogstens 27 000 000ℓ is | 6 440c/ 100ℓ | — |

## SCHEDULE

# AMENDMENTS TO SCHEDULE NO. 1 TO THE CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

| Tariff item | Tariff heading | Description | Rate of duty | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Excise | Customs |
| 104.00 | | By the substitution for tariff item 104.00 of the following: | | |
| "104.00 | | PREPARED FOODSTUFFS; BEVERAGES, SPIRITS AND VINEGAR; TOBACCO | | |
| 104.01 | 19.01 | MALT EXTRACT; FOOD PREPARATIONS OF FLOUR, MEAL, STARCH OR MALT EXTRACT, NOT CONTAINING COCOA POWDER OR CONTAINING COCOA POWDER IN A PROPORTION, BY MASS, OF LESS THAN 50 PER CENT, NOT ELSEWHERE SPECIFIED OR INCLUDED; FOOD PREPARATIONS OF GOODS OF HEADINGS NOS. 04.01 TO 04.04, NOT CONTAINING COCOA POWDER OR CONTAINING COCOA POWDER IN A PROPORTION, BY MASS, OF LESS THAN 10 PER CENT, NOT ELSEWHERE SPECIFIED OR INCLUDED: | | |
| .10 | | Preparations based on sorghum flour, put up for making beverages | 10c/kg | 10c/kg |
| 104.05 | 22.01 | WATERS, INCLUDING NATURAL OR ARTIFICIAL MINERAL WATERS AND AERATED WATERS, NOT CONTAINING ADDED SUGAR OR OTHER SWEETENING MATTER NOR FLAVOURED; ICE AND SNOW; | | |
| | 22.02 | WATERS, INCLUDING MINERAL WATERS AND AERATED WATERS, CONTAINING ADDED SUGAR OR OTHER SWEETENING MATTER OR FLAVOURED, AND OTHER NON-ALCOHOLIC BEVERAGES (EXCLUDING FRUIT OR VEGETABLE JUICES OF HEADING NO. 20.09): | | |
| .10 | | Mineral waters, including spa waters and aerated waters, put up in closed bottles or other closed containers ready for drinking without dilution (excluding beverages packed in plastic tubes or similar containers and which are normally consumed in a frozen state) | 10,36c/ℓ | 11,42c/ℓ |
| .20 | | Lemonade and flavoured mineral waters, including flavoured spa and aerated waters, put up in closed bottles or other closed containers ready for drinking without dilution (excluding beverages packed in plastic tubes or similar containers and which are normally consumed in a frozen state) | 10,36c/ℓ | 11,42c/ℓ |
| .30 | | Non-alcoholic beverages not elsewhere specified or included in this tariff item, put up in closed bottles or other closed containers ready for drinking without dilution (excluding beverages packed in plastic tubes or similar containers and which are normally consumed in a frozen state) | 10,36c/ℓ | 11,42c/ℓ |
| 104.10 | 22.03 | BEER MADE FROM MALT: | | |
| .10 | | Of a relative density before fermentation not exceeding 1 040° | 5 769c/ 100ℓ | 5 768c/ 100ℓ |
| | | Plus a suspended duty of: | | |
| | | (i) In operation | Nil | Nil |
| | | (ii) Maximum rate | 275c/100ℓ | 275c/100ℓ |
| .20 | | Of a relative density before fermentation exceeding 1 040° but not exceeding 1 050°, which is cleared ex any customs and excise manufacturing warehouse during any financial year, or which is imported into the Republic, or which is illicit beer: | | |
| | | (1) On the first 4 500 000ℓ or any quantity less than 4 500 000ℓ so cleared during a financial year | 6 044c/ 100ℓ | — |
| | | (2) On the quantity so cleared during a financial year which is more than 4 500 000ℓ but not exceeding 9 000 000ℓ | 6 176c/ 100ℓ | — |
| | | (3) On the quantity so cleared during a financial year which is more than 9 000 000ℓ but not exceeding 18 000 000ℓ | 6 308c/ 100ℓ | — |
| | | (4) On the quantity so cleared during a financial year which is more than 18 000 000ℓ but not exceeding 27 000 000ℓ | 6 440c/ 100ℓ | — |

| Tarief-item | Tarief-pos | Beskrywing | Skaal van reg | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Aksyns | Doeane |
| | | (5) Op die hoeveelheid aldus gedurende 'n boekjaar geklaar wat meer as 27 000 000ℓ maar hoogstens 36 000 000ℓ is | 6 572c/ 100ℓ | — |
| | | (6) Op die hoeveelheid aldus gedurende 'n boekjaar geklaar wat meer as 36 000 000ℓ is | 6 704c/ 100ℓ | — |
| | | (7) Indien reg op onwettige bier betaal word | 6 704c/ 100ℓ | — |
| | | (8) Indien ingevoer | — | 6 022c/ 100ℓ |
| .30 | | Met 'n relatiewe digtheid voor fermentasie van meer as 1 050° | 6 803c/ 100ℓ | 6 242c/ 100ℓ |
| | | Plus, vir elke graad relatiewe digtheid voor fermentasie bo 1 080° | 22c/100ℓ | 22c/100ℓ |
| 104.15 | 22.04 | WYN VAN VARS DRUIWE, MET INBEGRIP VAN GEFORTIFISEERDE WYN; DRUIWEMOS ANDER DAN DIÉ WAT IN POS NO. 20.09 VERMELD WORD; | | |
| | 22.05 | VERMOET, EN ANDER WYN VAN VARS DRUIWE MET PLANTE OF ANDER AROMATIESE STOWWE GEGEUR; | | |
| | 22.06 | ANDER GEGISTE DRANKE (BYVOORBEELD, APPELSIDER, PEERSIDER EN MEE): | | |
| .05 | | Sorghumbier (uitgesonderd bier wat van preparate wat op sorghummeelblom gebaseer is, gemaak is) | 200c/100ℓ | 200c/100ℓ |
| .10 | | Ongefortifiseerde nie-vonkelende wyn | 1 700c/ 100ℓ | 1 700c/ 100ℓ |
| .40 | | Gefortifiseerde nie-vonkelende wyn | 5 568c/ 100ℓ | 5 568c/ 100ℓ |
| .50 | | Ander, nie-vonkelende gegiste dranke, ongefortifiseerd | 1 700c/ 100ℓ | 1 700c/ 100ℓ |
| .60 | | Ander, nie-vonkelende gegiste dranke, gefortifiseerd | 5 702c/ 100ℓ | 5 702c/ 100ℓ |
| .70 | | Vonkelwyn | 7 174c/ 100ℓ | 7 174c/ 100ℓ |
| .80 | | Ander gegiste dranke (uitgesonderd sorghumbier) | 7 404c/ 100ℓ | 7 404c/ 100ℓ |
| 104.20 | 22.07 | ONGEDENATUREERDE ETIELALKOHOL MET 'N STERKTE VAN MINSTENS 80 PERSENT ALKOHOL VOLGENS VOLUME; ETIELALKOHOL EN ANDER SPIRITUS, GEDENATUREER, VAN ENIGE STERKTE; | | |
| | 22.08 | ONGEDENATUREERDE ETIELALKOHOL MET 'N STERKTE VAN MINDER AS 80 PERSENT ALKOHOL VOLGENS VOLUME; SPIRITUS, LIKEURE EN ANDER SPIRITUSDRANKE; SAAMGESTELDE ALKOHOLIESE PREPARATE VAN 'N SOORT WAT GEBRUIK WORD BY DIE VERVAARDIGING VAN DRANKE: | | |
| .10 | | Wynspiritus, in die Republiek vervaardig deur die distillering van wyn | 152 135c/ 100ℓ absolute alkohol | — |
| .15 | | Spiritus, in die Republiek vervaardig deur die distillering van enige suikerrietproduk | 162 098c/ 100ℓ absolute alkohol | — |
| .25 | | Spiritus, in die Republiek vervaardig deur die distillering van enige graanproduk | 166 605c/ 100ℓ absolute alkohol | — |
| .29 | | Ander spiritus, in die Republiek vervaardig | 156 572c/ 100ℓ absolute alkohol | — |

| Tariff item | Tariff heading | Description | Rate of duty | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Excise | Customs |
| | | (5) On the quantity so cleared during a financial year which is more than 27 000 000ℓ but not exceeding 36 000 000ℓ | 6 572c/100ℓ | — |
| | | (6) On the quantity so cleared during a financial year which is more than 36 000 000ℓ | 6 704c/100ℓ | — |
| | | (7) If duty is paid on illicit beer | 6 704c/100ℓ | — |
| | | (8) If imported | — | 6 022c/100ℓ |
| .30 | | Of a relative density before fermentation exceeding 1 050° | 6 803c/100ℓ | 6 242c/100ℓ |
| | | Plus, for every degree of relative density before fermentation exceeding 1 080° | 22c/100ℓ | 22c/100ℓ |
| 104.15 | 22.04 | WINE OF FRESH GRAPES, INCLUDING FORTIFIED WINES; GRAPE MUST OTHER THAN THAT OF HEADING NO. 20.09; | | |
| | 22.05 | VERMOUTHS AND OTHER WINE OF FRESH GRAPES FLAVOURED WITH PLANTS OR AROMATIC SUBSTANCES; | | |
| | 22.06 | OTHER FERMENTED BEVERAGES (FOR EXAMPLE, CIDER, PERRY AND MEAD): | | |
| .05 | | Sorghum beer (excluding beer made from preparations based on sorghum flour) | 200c/100ℓ | 200c/100ℓ |
| .10 | | Unfortified still wine | 1 700c/100ℓ | 1 700c/100ℓ |
| .40 | | Fortified still wine | 5 568c/100ℓ | 5 568c/100ℓ |
| .50 | | Other still fermented beverages, unfortified | 1 700c/100ℓ | 1 700c/100ℓ |
| .60 | | Other still fermented beverages, fortified | 5 702c/100ℓ | 5 702c/100ℓ |
| .70 | | Sparkling wine | 7 174c/100ℓ | 7 174c/100ℓ |
| .80 | | Other fermented beverages (excluding sorghum beer) | 7 404c/100ℓ | 7 404c/100ℓ |
| 104.20 | 22.07 | UNDENATURED ETHYL ALCOHOL OF AN ALCOHOLIC STRENGTH BY VOLUME OF 80 PER CENT VOLUME OR HIGHER; ETHYL ALCOHOL AND OTHER SPIRITS, DENATURED, OF ANY STRENGTH; | | |
| | 22.08 | UNDENATURED ETHYL ALCOHOL OF AN ALCOHOLIC STRENGTH BY VOLUME OF LESS THAN 80 PER CENT VOLUME; SPIRITS, LIQUEURS AND OTHER SPIRITUOUS BEVERAGES; COMPOUND ALCOHOLIC PREPARATIONS OF A KIND USED FOR THE MANUFACTURE OF BEVERAGES: | | |
| .10 | | Wine spirits, manufactured in the Republic by the distillation of wine | 152 135c/100ℓ of absolute alcohol | — |
| .15 | | Spirits, manufactured in the Republic by the distillation of any sugar cane product | 162 098c/100ℓ of absolute alcohol | — |
| .25 | | Spirits, manufactured in the Republic by the distillation of any grain product | 166 605c/100ℓ of absolute alcohol | — |
| .29 | | Other spirits, manufactured in the Republic | 156 572c/100ℓ of absolute alcohol | — |

| Tarief-item | Tarief-pos | Beskrywing | Skaal van reg | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Aksyns | Doeane |
| .60 | | Ingevoerde spiritus van enige aard, met inbegrip van spiritus in ingevoerde spiritusdranke (uitgesonderd likeure, soetdranke en dergelike spiritusdranke wat bygevoegde suiker bevat) en in saamgestelde alkoholiese preparate met 'n alkoholsterkte van meer as 1,713 persent alkohol volgens volume | — | 142 522c/ 100ℓ absolute alkohol of 62 142c/ 100ℓ |
| .70 | | Spiritus van enige aard in ingevoerde likeure, soetdranke en dergelike spiritusdranke wat bygevoegde suiker bevat, met of sonder geurende bestanddele | — | 142 522c/ 100ℓ absolute alkohol |
| 104.30 | 24.02 | SIGARE, SEROETE, SIGARILLO'S EN SIGARETTE, VAN TABAK OF TABAKSURROGATE; | | |
| | 24.03 | ANDER BEWERKTE TABAK EN BEWERKTE TABAKSURROGATE, "GEHOMOGENISEERDE" OF "HERSAAMGESTELDE" TABAKEKSTRAKTE EN ESSENSE: | | |
| .10 | | Sigare | 225c/kg netto | 247c/kg netto |
| .20 | | Sigarette | 26c/10 sigarette | 26c/10 sigarette |
| | | Plus, ten opsigte van sigarette waarvan die massa van die tabak 1,5kg/1 000 sigarette oorskry | 1 156c/kg tabak-inhoud | 1 156c/kg tabak-inhoud |
| .30 | | Sigarettabak | 30,5c/ 50g of gedeelte daarvan plus 213c/kg tabak | 30,5c/ 50g of gedeelte daarvan plus 213c/kg tabak |
| | | Plus 'n opgeskorte reg van: | | |
| | | (i) In werking | Nul | Nul |
| | | (ii) Maksimumskaal | 73c/kg tabak | 73c/kg tabak |
| .40 | | Pyptabak in onmiddellike verpakkings met 'n inhoud van minder as 5kg | 255c/kg netto | 255c/kg netto |
| .50 | | Pyptabak in onmiddellike verpakkings met 'n inhoud van nie minder as 5kg nie | 237c/kg netto | 237c/kg netto" |

| Tariff item | Tariff heading | Description | Rate of duty | |
|---|---|---|---|---|
| | | | Excise | Customs |
| .60 | | Imported spirits of any nature, including spirits in imported spirituous beverages (excluding liqueurs, cordials and similar spirituous beverages containing added sugar) and in compound alcoholic preparations of an alcoholic strength exceeding 1,713 per cent alcohol by volume | — | 142 522c/ 100ℓ of absolute alcohol or 62 142c/ 100ℓ |
| .70 | | Spirits of any nature in imported liqueurs, cordials and similar spirituous beverages containing added sugar, with or without flavouring substances | — | 142 522c/ 100ℓ of absolute alcohol |
| 104.30 | 24.02 | CIGARS, CHEROOTS, CIGARILLOS AND CIGARETTES, OF TOBACCO OR OF TOBACCO SUBSTITUTES; | | |
| | 24.03 | OTHER MANUFACTURED TOBACCO AND MANUFACTURED TOBACCO SUBSTITUTES, "HOMOGENISED" OR "RECONSTITUTED" TOBACCO EXTRACTS AND ESSENCES: | | |
| .10 | | Cigars | 225c/kg net | 247c/kg net |
| .20 | | Cigarettes | 26c/10 cigarettes | 26c/10 cigarettes |
| | | Plus in respect of cigarettes the mass of the tobacco of which exceeds 1,5kg/1 000 cigarettes | 1 156c/kg tobacco content | 1 156c/kg tobacco content |
| .30 | | Cigarette tobacco | 30,5c/ 50g or fraction thereof plus 213c/kg tobacco | 30,5c/ 50g or fraction thereof plus 213c/kg tobacco |
| | | Plus a suspended duty of: | | |
| | | (i) In operation | Nil | Nil |
| | | (ii) Maximum rate | 73c/kg tobacco | 73c/kg tobacco |
| .40 | | Pipe tobacco in immediate packings of a content of less than 5kg | 255c/kg net | 255c/kg net |
| .50 | | Pipe tobacco in immediate packings of a content of not less than 5kg | 237c/kg net | 237c/kg net" |

GEDRUK DEUR CREDA PRESS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13100
PRINTED BY CREDA PRESS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 323-9731 X267—13100